



die herverbeel van die pedagogiek van afrikaanse letterkunde

Tweede oproep om referate

Transnasionale pedagogiek: Afrikaans & X

Teorieë rondom literêre transnasionale bied kritiese terminologie vir die bespreking van die veranderende verhoudinge tussen beide nasionale letterkundes (Jay, 2010), en tussen nasionale letterkunde(s) en globaliseringstrominge (Morgan, 2017). Beide hierdie sienswyses word onderlê deur 'n bewuswording dat literêre sisteme nie meer knus binne die grense van die nasie-staat ondersoek kan/moet word nie. Hierteenoor word sulke sisteme eerder gesien as organies en veelvuldig, en as 'n netwerk wat voortdurend reageer op sosio-politiese en kulturele strominge en bewegings. 'n Bruikbare definisie van transnasionale is: die punt waar “two or more geo-cultural imaginaries intersect, connect, engage with, disrupt or conflict with each other in literary form” (Morgan, 2017:14).

In opvolg van die eerste reeks Ontlaeringaangeleenthede by die Universiteit van Pretoria en Noordwes-Universiteit, wat produktiewe gesprekke oor die wisselwerking tussen Afrikaanse letterkunde, pedagogiek, en burgerskap(pe) ten doel gehad het, nooi ons graag medewerkers uit om voorleggings vir referate en paneelbesprekings in te stuur vir 'n kollokwium op 16 en 17 Januarie 2020 met die transnasionale pedagogiek van Afrikaanse letterkunde as tema.

Vrae en onderwerpe wat moontlik onder bespreking kan kom, sluit in: Watter uitgangswaarde en beperkinge onderlê huidige konseptualiserings van transnasionale? Hoe (en waarom) manifesteer die transnasionale in die onderrig van Afrikaanse letterkunde? Wat word gewin, en verloor, in die vergelykende studie of onderrig van Afrikaans en X? In watter mate verkeer Afrikaans in produktiewe spanning met Suid-Afrikaanse letterkundes in Engels, Xhosa, Zulu, en ander? Wat is die voortdurende rol van literêr-kulturele organisasies soos die SAVN, NKN,

Nederlandse Taalunie, en Kaapse Forum? Wat is die gebruikswaarde van die terme *nasionale letterkunde*, *globale letterkunde*, en *wêreldliteratuur*? Hoe skakel die dekoloniseringsdiskoers met die soeke na Afrikaans se wortels in Afrika, Asië, én Europa? Wat is die simboliese, maar ook realistiese en politiese, implikasies daarvan om Afrikaans as liminale, transnasionale sisteem te bedink?

Voorleggings van tot 300 woorde word ingewag teen die einde van Oktober 2019, by unlaagering@gmail.com. Ons nooi veral opkomende akademici, en navorsers en dosente wat in België, Nederland, Pole, Aruba, VSA, en Namibië met/oor die Afrikaanse letterkunde werk om deel te neem.

Die hoofrede word gelewer deur Rita Barnard, Professor in Engels en die hoof van die voorgraadse Vergelykende Letterkunde-program by die Universiteit van Pennsylvania.

Azille Coetzee, feministiese filosoof by die Universiteit Stellenbosch, sal in gesprek tree oor haar boek, *In my Vel*.

Oor die Ontlaeringprojek:

Transnasionale pedagogiek: Afrikaans & X is deel van 'n groter, meerjarige projek wat geleenthede bied om die pedagogiek van Afrikaanse letterkunde te herverbeel. Die 2020 kollokwium word gehou op die Qwaqwa-kampus van die Universiteit van die Vrystaat, geleë in die Malutibergreeks. Die keuse om die kollokwium juis hier te hou, versinnebeeld iets van die beweegrede agter die Ontlaeringprojek: om die historiese (en huidige) magsongelykhede en ongeregthede inherent tot taalkontaksituasie (en in die kontak tussen literêre sisteme) te erken, maar tegelyk toekomsgerigte en positief-produktiewe moontlikhede en saamwerkgeleenthede uit te wys.

Vir meer inligting oor gemeenskapsprojekte op die Qwaqwa-kampus, besoek gerus.ufs.ac.za/qwaqwa/home-page/general/community-engagement. Om meer te wete te kom oor die Ontlaeringprojek, besoek unlaagering.wordpress.com/call-for-papers.

Verwysings

Morgan, P. 2017. Literary transnationalism: A Europeanist's perspective. *Journal of European Studies*, 47(1), 3-20.

Jay, P. 2010. *Global Matters: The transnational turn in literary studies*. New York: Cornell UP.